

*Biblioteek- en Inligtingsdiens*

*Library and Information Service*

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# JAARVERSLAG



## 2017



# *Inhoudsopgawe*


bladsy

INLEIDING | 1 — 4

HOOGTEPUNTE VAN DIE JAAR | 2 — 5

ONS STRATEGIESE PRIORITEITE | 3 — 7

3.1 Ultramoderne ruimtes en tegnologieë — 7

3.2 Vaardige, diverse, aanpasbare en betrokke personeel — 9

3.3 Beskikbaarheid, volhoubaarheid en opspoorbaarheid van inligtingshulpbronne — 13

3.4 Wêreldklas-, diverse, innoverende en kliëntgerigte dienste — 22

3.5 Samewerkingsverhoudings met belanghebbendes — 34

SLOTOPMERKINGS | 4 — 35

# Lede van die Biblioteekkomitee van die Senaat in 2017

## VOORSITTER:

Prof TE Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie

## KOMITEELEDE:

| | |
|---|---|
| Prof MI Cherry | Fakulteit Natuurwetenskappe |
| Prof LC Jonker | Fakulteit Teologie |
| Prof A Louw | Fakulteit Natuurwetenskappe |
| Prof GO Sigge | Fakulteit AgriWetenskappe |
| Prof C van der Walt | Fakulteit Opvoedkunde |
| Prof JL van Niekerk | Fakulteit Ingenieurswese |
| Me T Overmeyer | Studentedekaan |
| Dr A van der Merwe | Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking |
| Me H Swart | Waarnemende Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens |
| Mnr MD Frier | Sekretaris |
| Mnr B Davids | Studenteraad |



# 1 Inleiding

*Die werksaamhede van die Biblioteek- en Inligtingsdiens (hierna "die Biblioteek") was in 2017 daarop toegespits om die visie van die Universiteit Stellenbosch (US) te ondersteun, naamlik om 'n inklusiewe, innoverende, toekomsgerigte wêreldklasuniversiteit te wees met sy wortels stewig in Afrika. Ons het voortgegaan om 'n omgewing te skep wat akademiese uitnemendheid bevorder deur op die snelveranderende hoëronderwyslandskap te reageer, met die jongste tegnologiese ontwikkelings tred te hou en relevante ruimtes, inligtingshulpbronne en dienste te bied.*

# 2 *Hoogtepunte van die jaar*

Ons het 'n navorsingsdatadienstebestuurder aangestel wat **navorsingsdatadienslewering** aan die kampusgemeenskap sal ondersteun. Die aanstelling strook met die Universiteit se ontluikende strategie om inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) by sy navorsingsbedrywighede in te sluit om sodoende die navorsingsproses doeltreffender te help maak.





Die US se vennootskap met die Universiteit van Bath het tot 'n twee weke lange **personeeluitruil met die Universiteit van Bath-biblioteek** gelei. Dít het ons navorsingsdiensteaanbod, waaronder navorsingsontleding- en navorsingsdatadienste, versterk.

Deur ons implementering van die **nuwe geïntegreerde biblioteekstelsel Alma** het ons die beskikbaarheid en opspoorbaarheid van ons gedrukte en elektroniese inligting in een bestuurs- en soekkoppelvlak gekonsolideer. Soektogte en opsporing op die Biblioteekwebtuiste is nou veel makliker, en prosesintegrasie met leweransier- en kampusstelsels het ook verbeter. Die US is die eerste instelling in Afrika wat Alma suksesvol geïmplementeer het.





Vir ons **jaarlikse Dokumentesentrum-lesing** as deel van die US Woordfees het fasiliteerder prof Lizette Rabe met Naspers-voorsitter Ton Vosloo oor sy lewe en werk gesels, waarna die Dokumentesentrum 'n uitstalling aangebied het.

Die praatjies by ons **vyfde jaarlikse Biblioteeknavorsingsweek**, waarvan die tema vanjaar "Die grondbeginsels van navorsing" was, het groot gehore gelok, wat vol lof was vir die relevansie en gehalte van die aanbiedings.

*Dr. Anthea M. Lesch was een van die aanbieders*






Vakkundiges se **gebruik van ons spesiale versamelings het 'n uitmuntende navorsingsuitset opgelewer**, waaronder ses boeke, vyf artikels, sewe tesisse en proefskrifte, en verskeie konferensieaanbiedings. Dít het die navorsingswaarde van ons unieke versamelings onderstreep.



# 3 *Ons strategiese prioriteite*

## 3.1 ULTRAMODERNE RUIMTES EN TEGNOLOGIEË

*Een van ons strategiese oogmerke is om ultramoderne ruimtes en tegnologieë te voorsien en in stand te hou wat gebruikers met uiteenlopende behoeftes in staat stel om kennis doeltreffend te ontdek en te skep.*

3.1

# *Bly aan die voorpunt met die opknapping en vernuwing van ruimtes*

Een van ons hoofprojekte in 2017 was **die opknapping van die biblioteek van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.** Die kontemporêre nuwe ruimtes bied innoverende en samewerkingsgerigte fasiliteite vir leer, onderrig en navorsing, wat heelwat tot Tygerbergstudente se akademiese ervaring en sukses sal bydra. Teen Desember 2017 was die projek byna voltooi en het ons gereed gemaak om in Februarie 2018 te heropen.

Op Stellenboschkampus het ons ten nouste met Fasiliteitsbestuur en die pas aangestelde argitekte saamgewerk om die volgende fase van **die opknapping van die Universiteit Stellenbosch Biblioteek (US Biblioteek),** soos die voormalige JS Gericke Biblioteek nou bekend staan, te beplan. Die projek sluit 'n nuwe ingang, uitleen- en sekuriteitsareas, rekenaarwerkareas, 'n ruimte vir samewerkende leer, 'n koffiearea sowel as die opknapping van die area buite die ingang in. Werk sal in 2018 'n aanvang neem.

# *Verbeter toegang tot biblioteekruimtes*

Om in kliënte se toenemende vraag na **deurnagtoegang** tot die US Biblioteek en alle takbiblioteke te help voorsien, het ons die biblioteekure vir die jaareindeksamen van 2017 verder verleng. Hierdie ure sal ook gedurende eksamentye in 2018 van toepassing wees. Terselfdertyd bly ons bewus daarvan dat die vraag na voltydse toegang tot alle biblioteke voortaan heel moontlik sal toeneem.



’n Paar van ons studenteassistente

# 3.2 VAARDIGE, DIVERSE, AANPASBARE EN BETROKKE PERSONEEL

*Ons het teen die einde van 2017 altesaam 101 personeellede gehad, van wie 88 voltyds en 13 deeltydse permanente aanstellings was, sowel as 44 studenteassistente.*

## *Bied opleiding en ontwikkelingsgeleenthede vir ons personeel*

Om in die 21ste eeu sukses te behaal en aan die eise van ons snelveranderende beroep te voldoen, moet personeel van akademiese biblioteke hulle tot voortgesette persoonlike ontwikkeling en leer, hetsy formeel of informeel, verbind.

’n Belangrike strategiese aksie in 2017 was om **personeelvaardighede te versterk** sodat ons op kliënte se veranderende leer-, onderrig- en navorsingsbehoeftes kan reageer. Personeellede het hulle vaardighede opgeskerp deur:

- formele studie vir ’n PhD, die magistergrade in Biblioteek- en Inligtingskunde (MLIS) en Inligtingstegnologie (MIT), die baccalaureusgraad in Inligtingswetenskap (BInf) en die Program in Argiefstudie (altesaam 14 personeellede), sowel as die Professionele Leerlingskap- (PLUS-)program op vlak 3 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (een personeellid);
- kursusse van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC) oor onderwerpe soos projekbestuur en leierskap (ses personeellede);
- die US se inligtingstegnologie- (IT-)opleidingsprogramme;
- geleenthede soos die US se konferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer, die konferensie van e-Research Africa, sowel as die konferensies van die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA) en die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC); en
- ander opleiding- en werksessies, soos die ATLAS.ti™-opleiding, die bekendstelling van die Figshare-sagteware, die ORCID Suid-Afrika-werksessie, ’n SPSS-kortkursus, en werksessies oor bibliometrie, databestuur en roofpublikasies.

# Leer by eweknieë oorsee

Danksy die US se vennootskap met die Universiteit van Bath in die Verenigde Koninkryk kon Alvina Matthee (bibliotekaris by Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) en Marié Roux (Bestuurder: Navorsingsimpak en Navorsingsentrum) aan 'n twee weke lange **personeeluitruil met die Universiteit van Bath-biblioteek** deelneem. Daar het hulle waardevolle kennis opgedoen oor navorsingsimpak- (of navorsingsontledings-)dienste en navorsingsdatabestuurspraktyke, die strukturering van fakulteitsbibliotekarisse se dienste, en samewerking tussen fakulteitsbibliotekarisse en navorsingsdienstepersoneel. Daarbenewens het hulle ondersoek ingestel na ooptoegangdienste, die institusionele bewaarplek, spesiale versamelings, bemarking sowel as samewerking met die institusionele navorsingskantoor. 'n US/Bath-samewerkingsprojek om 'n elektroniese speletjie oor navorsingsdatabestuur te ontwikkel, het aansienlik gevorder ná hierdie besoek, en die speletjie behoort teen die einde van 2018 gereed te wees om bekend te stel.

Die hoof van ons biblioteek van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe **het die Universiteit van Leipzig se mediese biblioteek besoek** as deel van die Stellenbosch-Leipzig-vennootskapsforum. Aangesien albei instellings se mediese biblioteke moderne, diensgerigte fasiliteite is, en albei ten tyde van die besoek opknappings of konstruksie ondergaan het, was dit 'n gulde geleentheid om idees oor beste praktyke uit te ruil. Die besoek het ook waardevolle insig gebied in die navorsingsteundienste van ons Duitse eweknie.

Ons vennootskappe met die universiteite van Bath en Leipzig toon dat skakeling tussen toegewyde, aanpasbare en goed toegeruste biblioteekpersoneel aansienlik tot beter dienste bydra. Ons sal albei vennootskappe in 2018 voortsit en teenbesoeke is hoogs waarskynlik.

# Bevorder akademieskap deur personeelpublikasies en -aanbiedings

Wat **navorsingsuitsette deur ons personeel** betref, het hoogtepunte in die verslagjaar die volgende ingesluit:

- Keikelame, MJ, Suliaman, T, Hendriksz, M [ons personeellid] & Swartz, L. 2017. Psychosocial challenges affecting the quality of life in adults with epilepsy and their carers in Africa: A review of published evidence between 1994 and 2014. *African Journal of Primary Health Care & Family Medicine,* 9(1), a1275. https://doi.org/10.4102/phcfm.v9i1.1275.
- Kortje, M & Jacobs, I. 2017. *Next-gen library system: some efficiencies gained.* Plakkaataanbieding by die 18de LIASA-jaarkonferensie, Kempton Park, 2–6 Oktober.

# *Koester 'n sorgsame en versorgde personeelkorps deur gemeenskapsuitreikaksies, personeelwelwees en -ontwikkeling*

Dit was die tweede jaar wat ons tot die inisiatief **67 Blankets for Nelson Mandela Day** bygedra het en personeellede het 197 musse en 95 serpe aan die leerders van die Primêre Skool Heideveld geskenk.






*Leerders van die Primêre Skool Heideveld warm toegewikkel vir die winter*

Ons IT-personeel het McGregor besoek om **80 rekenaars aan die Primêre Skool McGregor te skenk** en dit te help opstel en programmeer. Ons het die rekenaars as deel van ons toerustingsvervangingsprogram uit die Biblioteek se voorraad onttrek. In haar bedankingsbrief het die skoolhoof van die leerders se opgewondenheid vertel, en gesê dat die rekenaars hulle 'n ander blik op die tegnologiese wêreld bied.



*Die rekenaarlokaal by die Primêre Skool McGregor*



*Opgewonde!*

3.2

**Ander maniere waarop personeel 'n tasbare sosiale impak gehad het, was:**

- 'n skenking van R1 200 aan, en hulp met die voorbereiding van toebroodjies vir die veldtog **Toasties for Tummies** as deel van die vieringe van Mandeladag;
- die **US se Loslitdag**-aktiwiteite ten bate van persone met gestremdhede;
- die insameling van 17 000 broodknippies ten bate van die inisiatief **Bread Tags for Wheelchairs**; en
- 'n skenking van R830 vir kankernavorsing by die **Koppie vir Kansa**-tee.

Om die welwees en ontwikkeling van ons personeel te bevorder, het ons tien sogenaamde **Happy Hour-inligtingsessies** aangebied. Deelnemers het onderwerpe bespreek soos veilige internetpraktyke, dermgesondheid, die voorkoming van uitbranding, hoe om kosetikette te verstaan en veilige kosbewaring. Daarbenewens het 14 biblioteekpersoneel aan die **jaarlikse US-pretloop** en 32 aan die **US-sportdag** deelgeneem. Laasgenoemde het 21 rekrute vir die "massaopwarming" sowel as spaninskrywings vir domino, vlugbal en sokker ingesluit.



*"Gereed vir aksie". Lede van die aansienlike groep wat ons by die US-sportdag vir personeel verteenwoordig het*




# 3.3 BESKIKBAARHEID, VOLHOUBAARHEID EN OPSPOORBAARHEID VAN INLIGTINGSHULPBRONNE

## *Hou relevante en volhoubare elektroniese en gedrukte versamelings in stand*

Ons materiaalbegroting vir 2017 het op R82 561 309 te staan gekom, waarvan ons sowat 90% aan elektroniese hulpbronne bestee het. Die 123 databasisse en tydskrifpakkette waarop ons ingeteken was, het ons voltekstoegang tot 282 971 vaktydskrifte gebied. Die grafiek hieronder toon hoe ons die afgelope dekade ons toegang tot elektroniese tydskrifte met meer as 250 000 titels uitgebrei het, met 'n merkbare toename van 76 171 titels in die afgelope jaar alleen.


3.3




***Figuur 1:** Voltekstydskrifte beskikbaar deur ons webtuiste, 2007-2017*

## 3.3

*Ons kliënte het in 2017 steeds ons elektroniese hulpbronaanbod ten volle benut. Soos tabel 1 toon, het gebruikers van slegs die 20 gewildste databasisse 'n allemintige 1 930 536 volteksartikels afgelaai.*





| Databasis | Volledige tekste afgelaai |
|---|---|
| ScienceDirect | 691 720 |
| JSTOR | 199 544 |
| Wiley Online Library, volledige versameling | 174 307 |
| Taylor & Francis SSH- en S&T-tydskrifversameling | 117 460 |
| Springer/Kluwer-volteksydskrifpakket | 114 064 |
| SA Media | 95 947 |
| UpToDate | 72 189 |
| Academic Search Premier | 56 485 |
| Sage Premier-tydskrifversameling | 47 489 |
| HeinOnline | 46 891 |
| IEEE/IET Electronic Library (IEL) | 43 409 |
| Knovel | 40 894 |
| INET BFA | 37 148 |
| ACS-publikasies (tydskrifte van die Amerikaanse Chemiese Vereniging) | 33 552 |
| South African Law Reports | 31 453 |
| Clinical Key | 30 254 |
| LWW-voltoegangversameling | 28 289 |
| Emerald | 26 780 |
| Business Source Premier | 26 084 |
| Civil Procedure Library | 16 577 |
| **Totaal** | **1 930 536** |

***Tabel 1:*** *Gewildste 20 databasisse volgens volledige tekste afgelaai in 2017*

# 3.3

Finansiële beperkinge is 'n voortdurende uitdaging vir die meeste moderne akademiese biblioteke. Ná ons materiaalbegroting vir 2017 met R3,3 miljoen ingekort is, moes ons ons intekening op 91 tydskrifte en vier databasisse kanselleer. Ons het hierdie tydskrifte en databasisse op grond van baie lae gebruik of baie hoë koste per gebruik geïdentifiseer.

Aangesien ons boekbegroting vir die jaar met 33% gekrimp het, kon ons slegs 3 105 nuwe gedrukte boeke ter waarde van R2 436 997 koop, maar ons was ook bevoorreg om ons versameling met 1 262 geskenkte boeke te kon uitbrei. As 'n mens die onttrekking van oortollige boeke in ag neem, het die gedrukte boekversameling met 3 142 aangegroei (sien figuur 2 hieronder). Daarbenewens het ons 101 elektroniese boeke teen R334 114 aangeskaf.




***Figuur 2:*** *Grootte van gedrukte boekversameling, 2007-2017*

3.3

# *Die gebruik, uitbreiding en tentoonstelling van spesiale versamelings*

Ons Afdeling Spesiale Versamelings (die Dokumentesentrum, Beskermde Versameling en Africana-versameling) en die versamelings in die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) is waardevolle inligtingsbronne vir nagraadse en nadoktorale navorsing, sowel as vir verskeie publikasies en konferensieaanbiedings. Gebruik van hierdie spesiale versamelings het in 2017 die volgende navorsingsprodukte opgelewer:

**Boeke**

- Du Plooy, H. (red.). 2017. *Gespreksgenoot: 'n brieweboek*. Pretoria: Litera. (Dokumentesentrum, verskeie versamelings vir inligting oor Elize Botha)
- Gaulier, Armelle & Martin, Denis. 2017. *Cape Town harmonies: memory, humour and resilience*. Kaapstad: African Minds. (Denis-Constant Martin-versameling, DOMUS)
- Mouton, F.A. 2017. *Iron in the soul: the leaders of the official parliamentary opposition in South Africa, 1910-1993*. Pretoria: Protea. (Dokumentesentrum, verskeie versamelings)
- Schoeman, Chris. 2017. *The historical Overberg: traces of the past in South Africa's southernmost region*. Kaapstad: Penguin Random House. (Verskeie versamelings in Dokumentesentrum, sowel as Africana-versameling)
- Styan, James-Brent. 2017. *Hartebreker = Heartbreaker* [biografie van Chris Barnard]. Kaapstad: Jonathan Ball. (Dokumentesentrum, Amanda Botha-versameling)
- Van der Westhuizen, Christi. 2017. *Sitting pretty: white Afrikaans women in post-apartheid South Africa*. Pietermaritzburg: Universiteit van KwaZulu-Natal. (Dokumentesentrum, verskeie versamelings)

**Artikels**

- Fourie-Basson, Wiida. 2017. Lelie van die veld [Dr Augusta Vera Duthie]. *Matieland*, 60:54-55. (Dokumentesentrum, Marloth- en verskeie ander versamelings)
- Froneman, Willemien. 2017. After fame: a micro-ethnography of popular late style. *Popular Music and Society*. 1-16. (Nico Carstens-versameling, DOMUS)
- Pauw, Marietjie. 2017. Naklanke van Arnold van Wyk se *Poerpasledam* vir fluit en klavier. *Litnet Akademies*, 14(3). (Arnold van Wyk-versameling, DOMUS)
- Pistorius, Juliana M. 2017. Coloured opera as subversive forgetting. *Social Dynamics*, 43(2):230-242. (Eoan-versameling, DOMUS)
- Rommelspacher, A. 2017. "Let Mrs Mafekeng stay": an evaluation of the Paarl riots of 1959. *Historia*, 62(1), Mei:48-72. (Dokumentesentrum, verskeie versamelings)




Benewens die boeke en artikels wat gepubliseer is, het verskeie **tesisse, proefskrifte** en **konferensiepublikasies** ook uit die gebruik van ons spesiale versamelings gespruit, waaronder die volgende:

- Coetzee, C.J. 2017. *Competing audio-visual industries: a business history of the influence of SABC-TV on the Afrikaans cinematic film industry, c.1976-c.1986*. Ongepubliseerde magistertesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. (Dokumentesentrum, verskeie versamelings)
- Pistorius, Juliana M. 2017. *Resistance through complicity: opera and race in apartheid South Africa*. Jaarvergadering van die Amerikaanse Musikologiese Vereniging, Rochester, NY, 9-12 November. (Eoan-versameling, DOMUS)
- Van Aardt, Peet Petrus. 2017. *Resources as part of the narrative in biography*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. (Dokumentesentrum, verskeie versamelings)

'n **Rolprent** getiteld *Vyftigjarige herdenking van 1ste hartoorplanting* deur Khaki Films het van dokumente uit die Amanda Botha-versameling gebruik gemaak.

# 3.3


Die **Dokumentesentrum by die US Biblioteek het nuwe dokumentversamelings ontvang**, wat die waarde van die bestaande versamelings beduidend verhoog. Dit sluit die volgende in:

- **IDASA-versameling**, wat unieke foto's van Suid-Afrika se politieke geskiedenis bevat. In die lig van dr Frederik Van Zyl Slabbert se noue betrokkenheid by IDASA, maak hierdie dokumente die bestaande, goed benutte Van Zyl Slabbert-versameling selfs meer waardevol.
- **Ben Dehaeck-versameling**, wat inligting oor gemeenskapsteater op Stellenbosch bevat en die streeksgeskiedenis van die dorp aanvul
- **Koos van der Riet-versameling,** wat spotprente van personeel van die US en Paul Roos Gimnasium bevat
- **C. Louw-versameling**, wat dokumente en artefakte van krygsgevangenes uit die Anglo-Boereoorlog bevat




**DOMUS het die volgende nuwe versamelings ontvang**:

- Die versameling van vervaardiger **Patrick Lee-Thorp** (wat ook vir Mountain Records verantwoordelik is), wat uit dokumente, artefakte en oudiovisuele materiaal van musikante soos Amampondo, Jonathan Butler, Basil Coetzee, Coenie de Villiers, Lesley Rae Dowling, Robbie Jansen, David Kramer, Edi Niederlander en Tony Schilder bestaan
- Die dokumente en boeke van musikoloë **Rupert Mayr** (ook musiekresensent vir die *Eastern Cape Herald*) en **Bernard van der Linde**
- 'n Klein versameling items met betrekking tot operasanger **Johan Botha**
- Bladmusiek en dokumente van musikoloog en komponis **Charles Oxtoby**



**Geleenthede en uitstallings** wat ons spesiale versamelings ten toon gestel het, het die volgende ingesluit:

- Die jaarlikse Dokumentesentrum-lesing gedurende die Woordfees, waarvoor prof Lizette Rabe 'n gesprek gefasiliteer het met Naspers-voorsitter Ton Vosloo oor sy lewe en werk, gevolg deur 'n uitstalling in die Dokumentesentrum, op 4 Maart
- 'n Week van werksessies en praatjies met die tema "Record | Memory | Archive" deur die Hidden Years Music-argiefprojek (HYMAP) en die Interdissiplinêre Forum vir Populêre Musiek, gegrond op die HYMAP David Marks-versameling in DOMUS, op 5-7 September
- 'n Uitstalling van drukuitgawes uit die Fay Singer Suid-Afrikaanse Joodse musiekversameling in die voorportaal van die Musiekbiblioteek om saam te val met die fees "Performing the Jewish Archive: Out of the Shadows", wat die US se Departement Musiek en die Universiteit van Leeds in die week van 10-17 September gereël het






3.3

# *Verbeter die opspoorbaarheid en toeganklikheid van ons hulpbronne*

Noudat ons die nuwe biblioteekbestuurstelsel **Alma** in werking gestel het – 'n eerste vir Afrika – is ons gedrukte en elektroniese inligting in een bestuurs- en soekkoppelvlak gekonsolideer. Dít het prosesintegrasie met leweransier- en kampusstelsels verbeter, soektogte en opsporing op die Biblioteekwebtuiste vergemaklik, en plaaslike stelseladministrasie verminder.

Die **Biblioteekwebtuiste is herontwerp om met alle mobiele platforms versoenbaar te wees**. Die herontwerp sluit ononderbroke integrasie met die Alma-soek-en-opsporingstelsel sowel as 'n wolkgebaseerde biblioteekgids en verwysingsdiens in.

Die gebruikstatistieke vir die **koordlose netwerk** sowel as die drukdienste toon dat voor- én nagraadse studente steeds die US Biblioteek vir hulle studie en navorsing verkies. Daarom het ons die fisiese dienste en fasiliteite, en veral die koordlose netwerk, hersien en opgeknap. Ons sal voortgaan om ondoeltreffendheid in die stelsel uit die weg te ruim om aan moderne gebruikers se verwagtinge te voldoen.







# 3.4 WÊRELDKLAS-, DIVERSE, INNOVERENDE EN KLIËNTGERIGTE DIENSTE

*Ons het voortgegaan met strategiese aksies om studentesukses en navorsingsuitnemendheid te ondersteun.*

## E-leer

Ons het vennootskappe met vyf fakulteite aangegaan om **e-leer aan voorgraadse studente** te voorsien (sien tabel 2). Om hierdie vennootskappe te ondersteun, het fakulteitsbibliotekarisse kurrikulumgeïntegreerde e-gidse vir inligtingsgeletterdheid in Wetenskaplike Kommunikasie 172 en 116, Inligtingsvaardighede 172 en 174, en Taal- en Denkvaardighede EBW 114 opgestel, en 'n verdere agt opdragspesifieke blaaie ("tabs") by bestaande biblioteekgidse bygevoeg. Altesaam 2 896 voorgraadse studente het assesserings voltooi oor die inligtingsgeletterdheidsvaardighede wat hulle met behulp van ons modulespesifieke biblioteekgidse opgedoen het. Danksy die koppeling van biblioteekgidse aan spesifieke modules op SUNLearn is die e-gidse altesaam 8 078 keer besigtig.





## 3.4

| Deelnemende fakulteite | Module | Studente ingeskryf | Studente geassesseer (kurrikulum-geïntegreerde biblioteekopleiding) | Besigtigings |
|---|---|---|---|---|
| AgriWetenskappe | Wingerd- en Wynkunde-literatuursoekwenke | 275 | | 67 |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | Inligtingsvaardighede 172 | 1 731 | 1 731 | 264 |
| | Inligtingsvaardighede 174 | 124 | 124 | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Taal- en Denkvaardighede EBW 114 | 115 | 115 | 230 |
| | Ekonomie 214 | 676 | | 687 |
| | Ondernemingsbestuur 113 | 1 800 | | 1 272 |
| | Ondernemingsbestuur 142 | 250 | | 142 |
| | Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314 | 78 | | 45 |
| Regsgeleerdheid | Romeinse Reg 271 | 120 | | 167 |
| Natuurwetenskappe | Wetenskaplike Kommunikasie 172 | 800 | 800 | 3 918 |
| | Wetenskaplike Kommunikasie 116 | 126 | 126 | 691 |
| | Rekenaarvaardighede 272 | 100 | | 130 |
| | Fisiologiese Wetenskappe aanlyn naslaanbronne | 900 | | 312 |
| | Eersterivier-projek vir die module "Universiteitspraktyke" | 128 | | 153 |
| | Totaal | 7 223 | 2 896 | 8 078 |


***Tabel 2:*** *Modulespesifieke voorgraadse e-leer in vennootskap met fakulteite*

Hierdie intervensies het oënskynlik die gewenste uitwerking gehad: Dosente en koördineerders het bevestig dat studente artikels van 'n beter gehalte bekom het waar 'n modulespesifieke biblioteekgids beskikbaar was, en fakulteitsbibliotekarisse het ook minder versoeke vir individuele bystand ontvang van voorgraadse studente wat aan opdragte moes werk.

# 3.4

Om die US se nagraadse studente by te staan, het ons **met die Nagraadse Kantoor saamgewerk om e-leermateriaal te skep**, wat ons ook aan ander universiteite beskikbaar stel as deel van die Europese Unie se Erasmus+-projek "Enhancing Postgraduate Environments" (EPE). Een so 'n bydrae wat ons in 2017 vir goedkeuring en webpublikasie aan die EPE voorgelê het, was 'n gemengdeleertutoriaal oor rooftydskrifte. Dit was gebaseer op SCORM ("Sharable Content Object Reference Model"). Ons het ook 'n verdere SCORM-tutoriaal voltooi, dié keer oor hoe jy jou navorsingsvoetspoor kan naspoor en versterk, wat in 2018 dieselfde roete vir goedkeuring sal volg. Hierbenewens het studente in die graadprogramme M in Kontemporêre Gesondheid & Verpleegkunde, M in Navorsingsmetodologie en BCur Hons in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe nou toegang tot **'n nuwe generiese e-gids**, bykomend tot ons persoonlike sessies vir nagraadse en navorsersopleiding. Die 30 ingeskrewe nagraadse studente het die gids 120 keer besigtig.


Gebruikers het ons **algemene biblioteekgidse** 240 179 keer besigtig – 19% meer as verlede jaar se 202 057 keer (sien figuur 3 hieronder) – danksy die byvoeging van Camtasia-video's vir die gids *Improving your literature research strategy* sowel as vir Romeinse Reg 271. Vir dié video's het ons gebruik gemaak van die kennis wat ons in die US Sentrum vir Leertegnologieë se kortkursus oor gemengde onderrig en leer opgedoen het. Studente op én weg van die kampus het toegang tot die video's.




***Figuur 3:** Jaarlikse aantal besigtigings van biblioteekgidse, 2015–2017*

## 3.4

Biblioteekgidse wat navorsing ondersteun, het nege van die top tien plekke op die lys van gewildste gidse vir die verslagjaar beklee. Die vakgids *Law & Government Publications* was die enigste uitsondering op die reël. Dis ook bemoedigend dat twee nuwe biblioteekgidse, *Science in context* en *Off-campus access for Stellenbosch-registered students,* die lys van 20 gewildste gidse gehaal het (sien tabel 3 hieronder).



| | BIBLIOTEEKGIDS | BESIGTIGINGS (en plek op die ranglys in 2016) |
|---|---|---|
| 1 | How do I find, access and use information effectively: a step-by-step guide | 53 592 (1) |
| 2 | Law & government publications | 27 837 (2) |
| 3 | The research process | 23 369 (3) |
| 4 | Postgraduate and researcher guide | 13 161 (7) |
| 5 | Referencing | 10 543 (6) |
| 6 | Directory of South African Music Collections | 9 059 (4) |
| 7 | Google and Google Scholar | 6 846 (10) |
| 8 | Where to publish your research article | 6 168 (9) |
| 9 | Mendeley | 5 709 (13) |
| 10 | Off-campus access for Stellenbosch registered students | 4 929 (-) |
| 11 | Psychology | 4 860 (12) |
| 12 | Education | 4 694 (8) |
| 13 | Science in context | 3 941 (-) |
| 14 | Business Management | 3 796 (19) |
| 15 | Chemistry & Polymer Science | 3 618 (11) |
| 16 | Political Science | 3 287 (17) |
| 17 | Theology | 3 136 (14) |
| 18 | Physiological Sciences | 2 888 (-) |
| 19 | Bibliometrics and citation analysis | 2 830 (15) |
| 20 | Economics | 2 610 (-) |

***Tabel 3:*** *Aantal besigtigings van die 20 gewildste biblioteekgidse, 2017*

# Navorsingsteun


Ons het ons **Navorsingsentrumwerksessies** op nuwe maniere begin bemark, wat tot gevolg gehad het dat 464 nagraadse studente en personeellede dit bygewoon het (2016: 349 deelnemers). Die gewildste werksessies was 'n nuwe sessie met wenke oor hoe om jou tesis in MS Word te formateer en een oor Mendeley vir verwysingsbestuur en akademiese skakeling (sien tabel 4). Deelnemers se terugvoer was besonder positief en hou belofte in vir die toekoms van hierdie geleenthede:

*"Ek dink die hele sessie is goed saamgestel en aangebied. Die aanbieder het ál die belangrikste punte rakende oop toegang beklemtoon en verduidelik. In die geheel was dit 'n uitstekende sessie!"*

*"Ek wil terugkom vir nóg."*

*"Fantastiese kursus. Dit sal my navorsing verbeter en my baie tyd spaar! 'n Baie waardevolle vaardigheid, en die befondsings-/loopbane-funksie op Mendeley is 'n bonus. Dankie."*





# 3.4


| Onderwerp van werksessie | Aantal deelnemers |
|---|---|
| Mendeley vir verwysingsbestuur en akademiese skakeling | 134 |
| Wenke oor hoe om jou tesis in MS Word te formateer | 56 |
| Kopieregkwessies met die skryf van tesisse en proefskrifte | 50 |
| Bestuur jou unieke outeur-ID met ORCID | 49 |
| Neem belangrike besluite oor die publikasie van jou navorsing | 46 |
| Hoe om amptelike statistieke op te spoor | 44 |
| Hoe om jou tesis/proefskrif op SUNScholar in te dien | 27 |
| Nuttige hulpmiddels en toepassings vir navorsing | 23 |
| Versterk jou aanlyn navorsingsteenwoordigheid | 17 |
| Die voordele van ooptoegangpublikasie vir navorsers | 10 |
| Jou navorsingsvoetspoor: die nasporing en verhoging van vakkundige en wetenskaplike impak | 8 |
| **Totaal** | **464** |

***Tabel 4:*** *: Lys werksessies en aantal deelnemers, 2017*


# 3.4

### ORCID (Open Researcher and Contributor ID) – ’n unieke outeursidentifikasiestelsel

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) het in April 2017 ’n verklaring uitgereik wat die gebruik van ’n **ORCID**-identifiseerder verplig elke keer as ’n navorser ’n graderingsaansoek of studente en personeel ’n befondsingsaansoek indien. Dit het ons ’n geleentheid gebied om meer kliënte te oorreed om hulle ORCID-identiteite aan hulle US-identiteite te koppel. Teen die einde van die verslagjaar het 1 405 personeellede en studente van die US dit reeds gedoen (sien figuur 4 hieronder), waaronder 52% van akademiese personeel. Die aantal akademici met US-gekoppelde ORCID-identiteite het toegeneem in alle fakulteite, veral in die Fakulteit Opvoedkunde (figuur 5).




***Figuur 4:*** *Aantal US-gekoppelde ORCID-identiteite volgens tipe kliënt, 2017*




***Figuur 5:*** *Persentasie akademiese personeel met US-gekoppelde ORCID-identiteite, 2016–2017*

In ander ORCID-verwante ontwikkelings in 2017 het die US by die ORCID Suid-Afrika-konsortium aangesluit. Ander konsortiumlede sluit in die Tshwane Universiteit van Tegnologie, Rhodes-universiteit en die universiteite van Wes-Kaapland, Suid-Afrika en Limpopo. Die konsortium, wat deur die Tersiêre Onderwys- en Navorsingsnetwerk van Suid-Afrika (TENET) geadministreer word, bied verskeie voordele, waaronder institusionele lidmaatskap teen 'n verlaagde tarief. Ons personeel was ook deel van 'n internasionale span wat nuwe publisiteitsmateriaal vir ORCID help ontwikkel het. As 'n uitvloeisel hiervan het een van die US se nadoktorale genote, James Craig Brown van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, tot 'n ORCID-promosievideo bygedra.

# Biblioteeknavorsingsweek

Nóg 'n belangrike inisiatief om US-navorsing te ondersteun, is ons jaarlikse **Biblioteeknavorsingsweek**, wat ons in 2017 die vyfde keer aangebied het. Vanjaar se tema was "Die grondbeginsels van navorsing".

Aanbiedings het om die volgende vier navorsingsubtemas gedraai:

- Konseptualiseer jou navorsing
- Samel jou navorsingsdata in
- Ontleed jou navorsingsresultate
- Maak jou resultate bekend en publiseer

Die opkoms was baie goed, en lede van die gehoor het die praatjies as besonder relevant en van hoogstaande gehalte ervaar. Afgesien van die 453 nagraadse studente en navorsers wat persoonlik daar was, het ons ook 81 individue bereik wat op YouTube na opnames van sommige aanbiedings gekyk het.





*Dr Heidi Prozesky, CREST, een van die aanbieders tydens die Biblioteeknavorsingsweek*

3.4

# *Digitale akademieskap en oop toegang*

*Ooptoegang- (OT-)inisiatiewe het ons institusionele navorsingsuitsette in 2017 nog meer sigbaar en toeganklik gemaak.*


**SUNScholar**, ons OT- institusionele bewaarplek, het beduidend aangegroei met die byvoeging van 1 112 tesisse en proefskrifte van kandidate wat in 2017 gegradueer het, 907 nuwe en terugwerkende navorsingsartikels en konferensiereferate, en 89 OT-boekhoofstukke deur US-geaffilieerde outeurs. Die gebruik van die bewaarplek het ook verder toegeneem: In 2017 is dit 619 000 keer besoek en is 405 000 items daarvan afgelaai (sien figuur 6).




***Figuur 6:*** *SUNScholar-gebruik, 2013–2017*

**SUNJournals**, ons oop tydskrifplatform, bied nou 25 tydskrifte nadat ons die publikasie *Ukumela: the South African Journal of Legal Reasoning, Writing and Education* in die loop van die jaar bygevoeg het. Ons sien uit na die eerste uitgawe van *Ukumela* in 2018. Sowel die publikasie- as gebruikstatistieke vir die platform was bemoedigend: Altesaam 116 navorsingsbydraes (2016: 91) deur US-geaffilieerde navorsers het in titels op SUNJournals verskyn en die platform is 263 279 keer besoek. Besoeke het gewissel van meer as 30 000 vir gevestigde titels soos *Social Work* en *South African Journal of Industrial Engineering*, tot sowat 2 500 vir nuwe toevoegings soos *Journal of Student Affairs in Africa* en *South African Journal of Nephrology.*

Ons digitale erfenisbewaarplek, **SUNDigital Collections**, het beduidend uitgebrei (sien figuur 7) en spog nou met 12 514 individuele items in 28 versamelings (2016: 7 657 items in 26 versamelings). Die 4 857 nuwe toevoegings in 2017 het ingesluit 178 artikels en 79 toesprake uit die Frederik Van Zyl Slabbert-versameling en 1 509 preke deur Beyers Naudé uit die versameling van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie. Die Suid-Afrikaanse Joodse musiekartikelversameling het ook verder uitgebrei tot 4 964 artikels.




***Figuur 7:*** *Aantal items in SUNDigital Collections, 2013–2017*

## 3.4




Sedert die aanvang van ons **Ooptoegangpublikasiefonds** in 2009 het ons 554 artikels ter waarde van R6 576 120 help befonds. Gedurende die verslagjaar het 103 aansoeke befondsing van R888 736 ontvang. Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is die produktiefste gebruiker van die fonds en was verantwoordelik vir 42% van die aansoeke.

Om OT verder te bevorder, het ons ook weer aan **Internasionele Ooptoegangweek**, 23–27 Oktober, deelgeneem. Vir dié doel het ons 'n praatjie aangebied oor die voordele van OT-publikasie deur personeellede Mimi Seyffert-Wirth en Naomi Visser, sowel as die aanbieding "I put my journal behind a paywall, so why am I talking to you about Open Access?" deur dr John Measey van die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie. Dr Measey se praatjie het gehandel oor die rol van 'n hoofredakteur van 'n vakverenigingtydskrif en 'n lid van die eindredaksie van 'n sogenaamde "massiewe" OT-tydskrif. Hy het ook gesels oor die geskiedenis van tydskrifpublikasie, en vakverenigingtydskrifte se struikelblokke in die aanvaarding van 'n OT-model.

## *Navorsingsdatabestuur*

Navorsingsdatabestuur (NDB) en verwante datadienste is toenemend deel van die navorsingsmandaat van universiteite wêreldwyd, en die US is geen uitsondering nie. NDB behels die proses om navorsingsdata deur die hele navorsingsiklus doeltreffend te organiseer en te struktureer. In pas met hierdie internasionale tendens én die US se ontluikende strategie vir IKT in navorsing het ons 'n navorsingsdatadienstebestuurder aangestel, 'n aanbieding oor NDB-konsepte by ons deelname aan die US Navorsingsindaba 2017 ingesluit, en in samewerking met die organisasie Data Carpentry 'n werksessie oor datavaardighede aangebied.



# 3.5 SAMEWERKINGSVERHOUDINGS MET BELANGHEBBENDES

Die doel van die **Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC)** is om bekostigbare toegang tot vakkundige elektroniese inligting op 'n niewinsgewende grondslag te fasiliteer, hoofsaaklik deur gesamentlike bedinging met uitgewers en ander inhoudsverskaffers. In 2017 het ons vennootskap met SANLiC ons R125 miljoen aan intekengeld help spaar. In ruil daarvoor het ons SANLiC-diensfooi en -ledegeld slegs R166 676 beloop, wat dit 'n uiters voordelige vennootskap maak.

Daarbenewens het ons bygedra tot die Wes-Kaapse Vlak 2-datanoduskonsortium, of **Ilifu** (Xhosa vir "wolk") soos dit nou bekend is. Die Ilifu-projek het amptelik in 2017 'n aanvang geneem en is daarop toegespits om wolktegnologieë vir data-intensiewe navorsing tot stand te bring, beste praktyke vir NDB te implementeer, en infrastruktuursteun vir bio-informatika- en sterrekundenavorsing te bevorder. Ons het tot die NDB-komponent bygedra deur die doeltreffendheid van die Figshare-stelsel as 'n NDB-platform vir die US te toets. Hiervoor het ons met US-navorsers saamgewerk om die funksionaliteit van die stelsel te bepaal, Figshare met internasionale standaarde vergelyk, en voldoening aan US-beleid en -standaarde verseker. Sodoende wil ons Ilifu help werk aan riglyne vir goeie NDB, werksgeïntegreerde leerprogramme vir datakunde, beleidsoorwegings vir oop wetenskap sowel as beste praktyke vir data-uitruil en -sitate.

As 'n lid van die **Kaapse Biblioteekkoöperatief (CALICO)**, 'n streekskonsortium, het ons waarde toegevoeg deur ander CALICO-lede van die lesse te vertel wat ons uit die implementering van die nuwe generasie Alma-biblioteekstelsel geleer het. Ons het ook ingestem om die rekords van die konsortium se eerste 20 bestaansjare (1997–2017) in sowel gedrukte as digitale vorm in ons Afdeling Spesiale Versamelings te bewaar. CALICO se soektog na gesamentlike eksterne bergingsfasiliteite vir gedrukte versamelings het voortgeduur en ons sien daarna uit om in 2018 die moontlikhede te help ondersoek.




*"Geen universiteit ter wêreld het al ooit uitnemendheid behaal sonder 'n ewe uitnemende biblioteek nie ... Wanneer dít nie meer die geval is nie, het die einde van ons beskawing aangebreek."*

**- Lawrence Clark Powell,** baanbreker in biblioteekopvoeding

# 4 Slotopmerkings

*Ons kliënte bly die kern van ons strewe om 'n innoverende inligtingsdiens van wêreldgehalte te wees. Daarom het ons in 2017 'n spesiale poging aangewend om kliënteterugvoer te bekom, soos deur ons nuwe komitee van biblioteekstudenteassistente. Die terugvoer het bevestig dat ons ruimtes vir samewerkende leer en ons uitnemende dienste en hulpbronne steeds 'n belangrike bydrae lewer om die US se onderrig-, leer- en navorsingsbedrywighede te ondersteun.*

Ons bedank graag die Universiteitsbestuur, die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Eugene Cloete, alle dekane van fakulteite sowel as die lede van die Biblioteekkomitee van die Senaat vir hulle volgehoue steun. Laastens, dankie aan ons senior bestuurspan en personeel vir hulle harde werk en toewyding om die US se akademiese gemeenskap in 2017 van uitnemende diens te voorsien.